# Ramshoring

*Waar julle ook al die Ramshoring hoor blaas daar moet julle saamtrek. Nehemia 4v20*

November 2020
Jaargang 36 Nr 3



Psalm 19v2 Die hemele vertel die eer van God en die uitspansel verkondig die werk van Sy hande.

## Inhoudsopgawe

1. Brief van die Redaksie
2. Jesus ons herder sorg vir ons- Neville Boy
3. Beskrywing van die onbeskryflike- Carina Du Preez
4. Jakarandabome- Daleen Venter
5. Haelstorm- Anoniem
6. Verdra mekaar- Maryna Buys
7. God se skeppingswerk - die natuur – Cornelis Van Wyk
8. Wie sou -Brenda Nel
9. Twee mossies vir 'n sent- Brenda Nel
10. Hoop- Brenda Nel
11. Belewenis van God in die Natuur- Verskeie skrywers
12. Nuus uit die Gemeente – Kitty van der Walt
13. Grapkas
14. Kreatiwiteit
15. Resepte
16. Storietyd- Brenda Nel

Die inhoud van die artikels in hierdie blaadjie, is die standpunt van die skrywer en nie noodwendig die standpunt van die Gereformeerde Kerk Thabazimbi nie.

**Brief van die Redaksie**

Die kinders sê 2020 het so verloop: Januarie, Februarie, Lockdown , Desember.  Vir my voel dit of ek nog vasgehaak het in Maart.  Ek dink vir baie mense het die jaar 'n stilstand gebring. Vir baie jare het die een jaar in die ander jaar gevloei en ons het net nooit regtig tot stilstand gekom nie. 2020 Het baie mense terug gedwing na die natuur. Nadat die grense oopgestel is, het mense gestroom na die natuur om net weg te kom uit hul klein stukkie aarde waarop hul vasgevang was. Vir die wat op hul plase en in die natuur kon "Lockdown" het dit 'n nuwe waardering vir God se grootheid en Sy versorging gebring.

Ek het al baie gewonder as daar iemand was wat iewers in die bos bly wat nog nooit van God gehoor het nie...of hy God sou beleef. Toe ek my man vra hoe leer ons God in die natuur ken was sy antwoord: "Hoe kan jy na die skepping kyk en nie raaksien dat daar 'n "designer" is nie?"

Die skryfstukke vir hierdie Ramshoring het my elke een so diep geraak. Die besef hoe God soveel mense raak deur die natuur. Dat vir ons wat van God weet en Hom ken is die natuur die versiersuiker op die koek. Vir ons is dit Sy bederf dat ons elke dag in die wolke , berge, diere, voëls en bome HOM kan beleef. Omdat ons glo. Omdat ons weet Hy is die skepper van hemel en aarde. Omdat ons weet Hy is die asem in ons lyf daarom sien ons Hom raak in alles rondom ons.

In hierdie jaar het ons werklik die waarde van asem besef. Asem nood as gevolg van 'n virus, angs aanvalle, klein spasies, besoedeling. Dit alles het ons teruggewys na die Een wat Sy asem in ons neus kom blaas het. Hy is die een wat Sy asem vir ons gee en al het ons stories en idees van wie se skuld dit is dat duisende sterf a.g.v. mense se planne kan ons nie verby die feit kyk dat dit God is wat vir ons asem gee.  Dat dit God is



wat weer Sy asem kom haal nie. Hy het ons uit die natuur , die grond van die aarde, gemaak en Sy asem in ons neuse kom blaas sodat ons na Sy voorbeeld hier op aarde kan leef.

Dankie, vir elke een se skrywe oor hoe God hom of haar geraak het deur die natuur. Hoe God met elke een gepraat het deur die natuur. Mag dit vir elke een van ons aanspoor om God se stem te soek in dit wat HY om ons gesit het om meer van Hom te leer. Mag ons Hom sien in elke klein dingetjie wat hy gemaak het, mag ons sy nabyheid en Sy troos ervaar in die kunswerke wat HY daagliks vir ons teken in die wolke, in die tuin, op die pad, in die veld, deur ons troeteldiere, deur ons familie en deur ons eie asem wat ons elke dag binne ons het.

Mag die jaar se afdruk op jou hart God se karakter meer in jou lewe na vore bring

Daleen Venter

Redaksie



## Jesus Christus ons Herder sorg vir ons

**Johannes 10: 1 – 21        Johannes 10: 7 en 11**

**Inleiding**

In hierdie gedeelte praat Jesus van ‘n herder en sy skape. Daar word gepraat van hoe die herder sy skape ken en hoe hulle hom ken. Hierdie herder sorg vir sy skape. Hy neem hulle bedags uit om te gaan wei, en om water te drink. Hy sorg vir hulle in die veld net soos ons ook van lees in Psalm 23.

Na die skape genoeg gewei het en hulle versadig is, dan roep die herder hulle en lei hulle na die kraal toe. Daar by die kraal maak hy die hek oop en sorg dat al die skape in die kraal ingaan. Daarbinne slaap hulle vir die nag en word hulle veilig bewaar. Daar is geen ander manier om in die kraal in te kom as deur die hek nie.

Ten opsigte van hierdie beeld is daar ‘n belangrike saak wat ons moet besef. Die herder was die persoon wat voorgeloop het. Hy het nie agter die skape aangeloop en hulle aangejaag nie. Hy het voorgeloop en die skape geroep. Hulle het na sy stem geluister en agter hom aangeloop. Dit was ‘n vertrouensverhouding. Hulle het hom vertrou. Hulle het “geglo” dat hy hulle na veilige plekke sou lei en dat hy hulle sou oppas. Die rede was omdat die herder getrou dit gedoen het. Ons lees hoe Dawid getuig dat hy leeus en bere van die skape af weggehou het met sy slingervel. Dit was sy roeping en so die roeping van elke herder.

### Jesus die Ingang en die Herder

In Johannes 10 kom Jesus en verklaar dat Hy die “ingang vir die skape” is (v7) en dan in vers 11 verklaar Hy dat Hy die “Herder” is. Dit word in vers 14 herhaal. Wat wil Jesus hierdeur uitbeeld en vir ons leer?

Daar is net een manier om die kraal te kom en dit is deur Hom. Hy is die ingang. Vers 1 leer ons dat jy nie mag ingaan op ‘n ander manier



nie. Jy is dan ‘n dief en ‘n rower. Om die waarheid te sê **is** daar nie ‘n ander ingang nie. Om deur die ingang die kraal te kan binnegaan is daar een ding wat jy **moet** doen: Jy moet die Herder volg en na Sy stem luister.

Jesus verduidelik hoe die verhouding tussen God en mens werk. Hy verduidelik hoe die verbond werk. Deurdat Hy, Jesus die Herder is, is Hy ons God. Hy sorg vir ons elke dag. Hy gee ons ons daaglikse brood. Hy lei ons na groen weivelde. Hy bring ons na waters waar daar rus is. Hy lei ons selfs deur die doodsdal en Hy vertroos ons deur Sy Gees. Sy stok en staf die beskerm en vertroos ons. (Gedagtes aangehaal uit Psalm 23).

Jesus en daardeur God se liefde en beskerming is van so aard dat Hy bereid was om sy lewe vir Sy skape af te lê. Dit is wat God se beskerming vir jou beteken. Nog verder voorsien God ‘n kraal waarheen jy kan gaan, ‘n plek van veiligheid en beskerming. Nou praat ons nie net van die Kerk nie. Ons praat van ons geloofslewe. Deur die geloof beleef jy hoe die Here vir jou beskerming bied, hoe Hy jou lei en vertroos en bystaan. Die Kerk is die plek waar ons kom om op een manier uiting te gee aan ons geloof. Ons doen dit nog meer wanneer ons deur ons lewe ‘n verskil maak in die lewe van mense om ons, wanneer ons ons dankoffers vir die Kerk gee of wanneer ons verbondsopvoeding toepas ten opsigte van ons kinders. Hierdie is maar ‘n paar voorbeelde.

Vooruit beskou sou die kraal kon gesien word as die ewige lewe wat God skenk aan elkeen wat glo.

### Ons is die skape

Maar om deel te kry aan hierdie seën uit die hand van God vra van ons om skape te wees. Wat doen die skape? Hulle luister na die stem van die Herder. As hulle luister na die stem van die Herder dan word hulle gelei na groen weivelde, na waters van rus. Die skape weet nie self waar om dit te vind nie. Die skape het leiding nodig. Indien daar nie ‘n

herder is nie dan dwaal hulle doelloos deur die lewe en kry geen rigting nie. Hulle beland in allerhande gevare en weet nie waar daar vir hulle ‘n heenkome is nie. Daar is nie ‘n kraal nie.



Vandag sien ons so baie mense wat nie luister na die stem van die Herder nie. Ons sien hoe daar selfs valse herders kom en die skape op allerhande dwaalspore lei. Hulle is niks anders as wolwe in skaapsklere. Dit is tragies hoe baie mense nie wil luister na die waarheid van die Woord nie. Paulus waarsku en sê dat hulle sal leermeesters soek wat sal sê net wat hulle wil hoor (2 Tim. 4).

Ons sien hoedat mense (wolwe?) vandag soos hedendaagse skaapwagters optree. Hulle staan agter die skape en probeer hulle in die kraal injaag van agter af. Hulle kyk nie noodwendig dat die skape by die regte ingang die kraal binnegaan nie. Hulle soek net die skape vir hulleself en dan word hulle daar verslind omdat hulle geen ware beskerming ontvang en word blootgestel aan die wolwe van vandag.

Hierdie Skrifgedeelte dien as waarskuwing nie net vir hulle wat nie skape is nie, maar vir die Here se skape van vandag. Luister jy na die stem van die Herder? Hoor jy waarheen Hy jou lei? Gaan jy by die regte ingang in die kraal in?

Ek het eendag by geleentheid by familie gaan kuier en die Oom het drie skapies gehad wat daar in ‘n kampie gewei het. So teen laatmiddag




laat weet hy dat hy sy skapies na hulle kraal moet bring vir die nag. Ek sien vandag nog so duidelik hoedat hy na die kampie loop en hulle roep. Toe hulle nader kom het die Oom voor geloop en die skape so in ‘n ry agter hom aan. By die kraaltjie het hy die hek oopgemaak en hulle het binnegegaan en hulle is veilig toegemaak vir die nag. Ek het daardie dag vir my skoonpa gesê daar is die beeld van die herder.

Die Herder, Jesus Christus, loop voor. Hy is die Ingang, die enigste weg na die Vader. Luister na Sy stem en volg Hom.


Amen

Neville Boy



## Beskrywing van die onbeskryflike

Daar is 'n liedjie, *so will I,* wat die gospel groep Hillsong sing wat God se skeppingshand in die natuur baie mooi beskryf.



*And as You speak*
*A hundred billion creatures catch Your breath*
*Evolving in pursuit of what You said*
*If it all reveals Your nature so will I*
*I can see Your heart in everything You say*
*Every painted sky*
*A canvas of Your grace*
*If creation still obeys You so will I*
*So will I*
*So will I*

*If the stars were made to worship so will I*
*If the mountains bow in reverence so will I*
*If the oceans roar Your greatness so will I*
*For if everything exists to lift You high so will I*
*If the wind goes where You send it so will I*
*If the rocks cry out in silence so will I*
*If the sum of all our praises still falls shy*
*Then we'll sing again a hundred billion times*

Ons sal nooit die grootheid van God se almagtige Glorie kan vasvang of verstaan in ons menslike verstand nie. Dit is waarlik onbeskryfbaar.

Generasies na generasies debatteer al duisende jare wie se asemrowende vakmanskap die heelal om ons geskep het. Wat 'n voorreg vir ons as kinders van die Koning om die onbeantwoorde met sekerheid te kan beantwoord.



**Die Here het deur Sy wysheid die aarde gegrond, deur verstand die hemele vasgestel; deur Sy kennis het die watervloede oopgebreek en het die wolke dou gedrup. Spr3:19-20**

Dit is ondebateerbaar dat die Koning van die heelal alleen verantwoordelik is vir die wonderwerk wat ons, ons huis noem.

**Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. Joh1:3**

Die vraag is dan: Hoe kan ons deel kry in die bewustheid van die almagtige glorie wat deur die natuur gespeel word? Ons vraag word in Job 12:7-10 geantwoord. Vra en vir jou sal gegee word.

**Maar vra tog die diere, dat hulle jou leer; en die voëls van die hemel, dat hulle jou te kenne gee; of spreek die aarde aan, dat dit jou leer, en laat die visse van die see jou vertel. Wie weet nie deur al hierdie dinge dat die hand van die Here dit gemaak het nie? In wie se hand die siel is van alles wat leef, en die gees van alle menslike vlees.**

Wat is die lied wat ons sal hoor as ons na die natuur om ons gaan luister? Alles is gemaak deur Sy hand om Hom alleen te prys en te aanbid. Die natuur om ons is in konstante aanbidding. Daar word vit Job gesê: **LUISTER Hierna, o Job! Staan stil en gee ag op die wonders van God (Job 37:14).** Ek wonder as ons ook gaan stop en ons luister na die lied tussen hemel en aarde, Gaan ons ook miskien hoor? "Heilig, Heilig, Heilig is die Here van die leërskare. Die hele aarde is van Sy heerlikheid vol!" Ons is omring met die simfonie van God se skepping.

**Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van Sy hande bekend. Die een dag gee die berig deur aan die ander en die een nag deel die kennis aan die volgende mee. Sonder spraak en sonder woorde, onhoorbaar is hulle stem. Tog gaan daarvan 'n boodskap uit oor die hele wêreld en hulle taal bereik die uithoeke van die aarde. Vir die son is daar in die hemel 'n tent opgeslaan. As hy stralend begin om sy baan te volg, is hy**

**soos ‘n bruidegom wat uit sy slaapkamer kom. Aan die een kant van die hemel kom hy op en aan die ander kant gaan hy onder, en niks ontkom aan sy gloed nie. Ps 19 2-7.**

Net soos ons nie die son se gloed kan ontkom nie, kan ons nie ontken dat God alleen die Koning is bo alles in hemel en op aarde. Ons as God se kinders het die voorreg en geleentheid om op aarde deel te wees van die heilige simfonie. Ons moet die Here prys met alles wat ons doen, alles war ons sê, hoe ons optree, met ons gedagtes en met alles binne ons.

Die Here het ons al geweef in ons moederskoot. Hy het ons lewensdae opgeskryf al voor ons gevorm is. Mag ons tot in ewigheid bewonderd en soekend bly na God se glorie. Mag God Sy almag in klein stil soekende oomblikke in Sy natuur aan ons openbaar en ons saam met die natuur getuig dat God Koning is.

As die aarde so asemrowend is hoeveel meer gaan die hemel wees nie?

**Carina du Preez**





## Jakaranda bome



Toe ek bid oor die uitleg van hierdie November Ramshoring se uitgawe en die Jakarandaboom by my opkom, het ek eers gedink dit kan nie wees nie. Wat kan ons by die Jakaranda-boom leer van God? Nie dat ek dink dat mens nie iets kan leer by die Jakarandaboom nie, eerder wil ek dit leer wat die Jakarandaboom ons wys? Ek meen ons almal weet die Jakarandaboom is verklaar tot ’n indringer boom en mag nie meer aangeplant word in Suid-Afrika nie omdat dit die groei van inheemse bome verhinder. Ons weet dat die Jakaranda bome na Suid Afrika gebring is in 1829 deur Baron von Ludwig.

Die Jakarandaboom spook by my. Die pers klokkie blare die padda peule, dit is so deel van ons lewe. Ons Suid-Afrikaner wees. Hoe kan dit ’n indringer wees?

Ek word herinner aan God se Woord wat sê God besluit waar ons woon.
(Handelinge 17v 26 b ” Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon.”)
Ek dink oor die verhale in die ou Testament hoe God Sy kinders gelei het na vreemde lande. Hoe God later vir Israel verstrooi het oor die hele wêreld heen.

“ ***Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, 18 NOGTANS sal ek in die Here jubel , sal ek juig in God , my redder***.” ***Habakuk3 v 17-18***

Ek begin ’n prentjie sien. Ek hoor ’n gesegde : “Blom waar jy geplant is.”
Ek sien die pers prag van die Jakarandas wat blom in oorvloed ongeag die rook en gasse en besoedeling om hul. Ek sien die pers blommeprag jaar na jaar verskyn, al lê die rommel soms dik gestrooi rondom hul. Ek sien die reuse bome wat blom, al word daar debatte oor die rede vir hul bestaan gevoer. Ek sien hoe hul duisende besoekers lok, al word hul deur sommige gevloek vir die pers mat wat hul op die teer gooi.

Ek sien die Jakarandas blom omdat dit is waarom God hul gemaak het. Hulle leef hul doel. Hulle blom vir God want dit is hoekom Hy hul gemaak het. Reuse uit ’n vreemde land wat moet skadu gooi vir haweloses, vir voos gebrandes, wat vreugde moet bring vir besoekers, agtergrond moet wees vir mooi foto’s. Wat atmosfeer skep vir inwoners. Wat herinneringe maak vir studente wat in die jare wat kom gedra word na dorpies regoor die land en selfs na lande regoor die wêreld.

Die Jakarandaboom is ’n indringer boom. En soms voel ons as Christene dat ons nie hier hoort nie. Die media en die politieke partye laat ons blankes soms voel ons is indringer bome wat nie hier hoort nie. So ook ons Christene moet dikwels terugstaan in werkplek, skool en die samelewing. ONS HOORT NIE.
Maar net soos wat die regering en die omgewings bewaring raad tot die besef gekom het dat die Jakarandaboom so eie is aan Suid Afrika en soveel beteken vir sy inwoners so moet ek en jy weet dat ons is eie aan Suid-Afrika. God het ons hier geplant. Hy het besluit dat ons nou in ’n tyd soos hierdie hier moet woon. Ons sien hoe ons saad regoor die wêreld versprei en hulle gaan vestig in vreemde lande. Dit bring ’n klompie sosiale probleme en ’n hele klomp hartseer . Maar vir die van ons wat se wortels diep in die Suid-Afrikaanse grond ingemessel is, kom ons leer by die Jakaranda. Kom ons wees die persoon wat God ons gemaak het, hier waar ons is met dit wat God nou



vir ons gegee het. Kom ons wees soos die Jakaranda wat eintlik vir ons die Evangelie van Jesus verkondig deur net hulle self te wees. Hulle kan nie beweeg nie, hulle kan nie hul kleur verander nie, hulle kan nie die besoedeling keer nie, hul kan nie die geraas stilmaak nie, maar hulle kan skuiling bied. Hulle kan skadu gee. Hul kan kleur en vreugde bring. Hulle wys ons dat ongeag ons omstandighede ons Jesus se liefde kan lewe.

Die Jakaranda se pers blommetjie staan bekend as die “eksamen” blom omdat hulle blomtyd oor die eksamen tyd in Suid –Afrika en selfs in ander lande val.

Eksamen beteken om getoets te word. Lê ons grootste toets as Christene nie daarin om tenspyte van ons omstandighede God se liefde uit te straal nie? Lê ons toets nie juis daarin dat wanneer ons as indringers verklaar word en die omstandighede om ons moeilik is, dat ons steeds sal blom vir God nie?

Ons beleef een van die moeilikste jare van ons leeftyd en volgende jaar gaan nie noodwendig beter wees nie. Ek dink die eerste jare wat die Jakarandas begin blom het, was daar meer voëls, meer water, minder teer, minder geboue, minder geraas, minder rook . Ons kan nie terug kyk en dink ons gaan nie getoets word nie! Kyk ons oor die Bybel se geskiedenis heen lees ek nie juis van God se kinders wat in perfekte omstandighede was nie. Nee, regoor die Bybel heen het God se grootheid juis in Sy kinders se swaarste tye gewys. Selfs na Jesus se koms het dinge nie makliker geword nie. Net soos Jesus vervloek, geslaan en gekruisig is word ons Christene vandag nog deur moeilike omstandighede getoets.

My vraag vandag aan jou is: “Gaan jy soos die Jakarandaboom steeds bly blom al is jy volgens ander nie op die regte pad of plek nie? Gaan jy Jesus se voorbeeld volg en steeds God se lig uitstraal wanneer jy swaarkry? Gaan jy dit wat HY ons hier op aarde kom leer het, van wat God van ons verwag, LEEF?
Of gaan jy die vrug van God se Gees wat Hy in jou geplant het laat vrot omdat jy voel jy hoort nie hier nie?

***Daleen Venter***

## Haelstorm

In die middel 70's het ek tabak geplant vir 'n boer  in die Waterberg se sandvlaktes anderkant Nylstroom. Na  2 so so oeste, het ons sowat 40 hektaar oonddroog tabak geplant. My mentor was 'n kampioen tabak kweker.

Toe ons so begin oes het hy vir my en my werkgewer gesê dat die kanse goed was dat ons hom sou onttroon, so mooi was die tabak.

Natuurlik het die agterkop begin  somme maak, visioene van 'n eie stuk grond koop, en 'n nuwe kar! Dit  het  rêrig  goed gelyk. Die kuikens getel voor hulle uitgebroei het.  Ons  het net sowat 15% geoes gehad.

Een Vrydagaand het ons heerlik reën gehad bo by die huis, daardie Saterdagmôre was die arbeiders vroeg daar om die lekker vars, ryp blare te gaan pluk.

Ek het gou die kragopwekker gestop om te diens, die voorman en die span is af lande toe. Ek het hom mooi verduidelik watter blok om te oes.  Skaars  5 minute later is hy terug. Ek vra toe: en nou Kamalie? Hy sê nee daar's nie twak om te oes nie! Ek sê vir hom: "Maar jy is seker laf, ons het dan nou gister gekyk hoe mooi is die blok se blare! "

Ek moes maar self gaan kyk. Ek spring in die bakkie, toe ek daar kom het die hael die lande skoon geslaan, daar was NIKS!  Hier en daar 'n enkele stokkie, die blaarflenters en stokke het teen die draad aangespoel gelê!

Van die 40 ha het 3ha bo by die huis oorleef.

Ek het daar op een van die nat walle gaan sit, totaal verslae, verslane. Dit was net enkele maande nadat ons 7dae oue seuntjie oorlede is.

Daar het die HERE met my gepraat en gesê (soos vir die Verlore Seun):  "Staan op, gaan bel jou vorige werkgewer, hulle soek na jou".  Ek het hulle gaan bel,



en my vorige Senior antwoord en sê vir my hy soek my al dae lank, ons moet voor die einde van die maand in Kimberley gaan werk!

Ek glo die Here het ons kind gevat, die hael oor ons gebring om ons terug te bring aarde toe?

In Kimberley het die Here vir ons weer 'n seun gegee, sy Ma se Diamant!

**Anoniem**

(Ek dink steeds dit is 'n brawe verhaal om te vertel en ons kan soveel  leer uit dit waardeur jul is. **Red**)



# Grendeltyd – Genade tyd

Gerugte van inperking vlieg rond – almal bespiegel oor die impak daarvan die meeste mense is gerus – dit kan tog nie moontlik wees nie! Dan kom die aankondiging. Soos branders in springgety die rotse met brutekrag tref – tref die realiteit ons. Ons is ingeprek – toegegrendel. Afgesny van ons geliefdes.

Binne dae kry ons beeldmateriaal van visse in Venesië se kanale, seemeeue in Langebaan en ons word gevul met rustigheid want Moeder Aarde haal asem en ons Skepper wys Sy Almag, Hy is in beheer.

Skielik het ons TYD. Almal het TYD. Gedurende die koudste winter in jare het ons tyd om rustig in 'n sonkolletjie te sit en Bybelstudie te doen. Terwyl die voëls om ons kwetter en baljaar mekaar in die oë te kyk en te luister na dit wat ons vir mekaar sê.

Ons verlang na die saamwees tydens eredienste, maar die voorreg om na 'n erediens te luister terwyl 14 spesies voëls in die bome voor my rinkink en baljaar vul my met 'n belewenis en gevoel van intense ervaring en inneem van die boodskap waarna ons luister. Was dit hoe dit in die Tuin van Eden was voor die sondeval?

Ons kyk met verwondering na die tiptol wat luidkeels aankondig wanneer daar vars kos en suikerwater uitgesit word – welwetend dat ander voëls blitsvinnig op sy aankondiging gaan reageer en hom heel moontlik gaan verjaag. Kan ons nie ook maar leer om meer om te gee en meer uit te reik nie? Al is dit ten koste van onsself.




Die algehele stilte lok meer voëls. Hulle word amper vreesloos . Sarel kan sy hand uitsteek om aan die Swartkop Wielewaal te raak – hulle vertrou hom

In die ongenaakbare barre koue winter sorg God vir die klein blou sysies en vinkies. Die mens is soveel meer werd as die mossies en vinkies. God is getrou Hy sorg. Grendeltyd is genade tyd. Tyd om saam met die aarde diep asem te haal en 'n balansstaat op te trek. Materiële dinge vergaan. Ons besef dat ons met soveel minder kan oorleef. 'n Oordadige leefstyl maak nie van jou 'n beter mens nie. Die aarde skuld ons niks. Ons moet met 'n sagte voetval daaroor beweeg. Nie net oor die aarde nie, maar ook oor die lewe van elke mens wat ons lewenspad kruis.

En dit was aand en dit was more. God is steeds in beheer. Die grendels om ons word verslap.

Met elke sonsondergang gaan slaap ons met die wete dat God vir vandag gesorg en met elke sonsopkoms kry ons die belofte dat Hy steeds sal voorsien.

**Hilda Haasbroek**



## *God se grootheid*



Dit reën met daardie shhh geluid onophoudelik. Ons sit op die stoep wat feitlik oorgroei is van Koos se mooi informele tuin. Die nessie van die paradysvlieëvanger is so naby en ons loer elke dag of die kuikens uit is. Ons luister na die stilte en reën en sien die ouers van die drieling aan weerskante van hulle nessie die vlerkies uitgesprei hou, soos 'n sambreel oor die kosbare kuikens.

Ons is stomverbaas. Die reën hou op en die kosbare oomblikke is verby. Ons loer gou en sien al drie pienkes knus en veilig.

In die bosveld ken almal die alarmroep van 'n eekhoring se sirene . So *sirene* dit die dag. Ek draf uit om die slang te verjaag. Die eekhoring skrik so groot dat hy in die swembad plons en verbete aan 'n pyp klou. Ek paai en loop so klere en al in die water en vat hom sagkens in 'n klein handdoekie. Hy het nie geroer totdat hy droog was en Koos hom saggies in die boom gesit het nie.

Voor Zeldri Park lê 'n groot modderplas langs die pad. 'n Swerm sysies het rondom die poel gebad , geplas en baie gesels. Ek het my verwonder totdat 'n voertuig vir my toet om pad te gee.


Vir my is die klein wonderwerkies gelyk aan die grootse sandduine in die Namib...die uitspansel...ons bosveld . Maroelas, Blinkblaar- wag 'n bietjie- 'n klein saad wat 'n magtige boom word.

God praat met ons deur *die.* Soms met 'n fluistering soos in die tuin. As ons raas hoor ons Hom nie. HY praat by die eekhoring, die sysie en vlieëvanger. En wie voel nie klein, baie klein ten aanskoue van die sandduine, kremetarte die see... en ek hoor die fluistering... Hoe kosbaar is jy my kind. –

***Breg Venter***



## Verdra mekaar



Ons dogter het 'n perd gehad. Daar het vanaf dag een 'n hegte band ontwikkel. 'n "Cheeky", energieke, oplettende merrie perd met 'n wil van haar eie. Geskop en gebyt om haar stempel af te druk.

Die vorige eienaar het haar uit radeloosheid elke keer as sy skop of byt, haar met 'n emmer water gegooi.

Sodoende kon sy dit nie verdra om deur water te loop nie, 'n bad was taboe.

Met baie geduld en deursettingsvermoë kon sy 'n koue bad onder 'n tuinslang waardeer op 'n warm bosveld dag.

Ons het haar lyftaal leer ken en geweet om op die regte oomblik te koes vir die skelm skop of byt. Sy het kartonne vol rosette vir Hes-Marië huis toe gebring vanaf skoue.

10 jaar lank met 'n kort onderbreking van minder as 'n jaar, was sy deel van ons lewens. Sy is op 'n bejaarde ouderdom aan nierversaking oorlede.

Die Saterdag oggend is sy oorlede. Sondag is ons kerk toe. Ons het ons sitplekke op die gallery ingeneem. Dit was stil in die kerk, hier en daar iemand wat hoes.

Toe Albert die eerste noot op die orrel laat hoorbaar word het ek bewus geword van haar teenwoordigheid. In my geestes oog het sy "slow motion"

bokant die preekstoel heen en weer galop.  Haar kop en oë op ons op die gallery gerig.



Na die preek, met ds Boy se gebed het hy gevra vir reën sodat die weivelde groen kan wees vir die wilde diere, dat die riviere vol word vir die wilde diere van die veld.

Ons is in stilte huis toe.  Toe ek die deur oopsluit toe sê, vra Hes-Marië agter my "ma, is jy ook daarvan bewus dat Mickey vanoggend in die kerk was?"

Saam het ons geleer:  Die beloning van liefde, geduld en verdraagsaamheid is oneindig!

Job 12:7-12     1Kor 13:1-13       1Kor13:12

Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig.   Nou ken ons ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken net soos ek ten volle geken is.

Mag die uitnemendheid van die liefde elke lidmaat in die gemeente tot eenheid bind.  (Ons kan sonder om mekaar se taal te praat verstaan)

Kan ons, sonder taal ons liefde en geborgenheid aan mekaar openbaar?
Ek glo in God...
Die Almagtige ...
Die Skepper van hemel en aarde...en alles wat asemhaal.
Mag ons met die struikelblokke van vandag steeds gaan aansit aan die nagmaaltafel met positiewe dankbare harte sodat ons daagliks God se almag raaksien en ervaar (in Sy skepping).

***Maryna Buys***




## God se skeppingswerk - die natuur.

In die begin het God die hemel en die aarde geskep, en in die daarop volgende dae het hy alles wat ons kan sien en nie kan sien nie geskep. God het ons as Sy verteenwoordiger geskep om te heers oor alles op aarde.

Ons is bevoorreg om baie tyd in die natuur te spandeer, ons ervaar so baie nuwe dinge elke dag van kyk hoe termiete hulle nes bou tot die geboorte van ‘n kalfie of lammetjie. Ons sien hoe elke diertjie, elke insek, elke reptiel ens. sy rol speel in die natuur.

Met die aanbreek van die winter vervaal als stadig maar seker en na die eerste goeie reëns ontplof die wêreld in skakerings van groen. Ek staan verstom oor hoe alles net “werk”. Elkeen het ‘n plek en ‘n doel. Ek dink nie die mens is in staat om werklik te besef watse pragstuk God geskep het nie. Ons kan ‘n leeftyd lank staar na wat op die natuur se skouburg voor ons ontvou.



**Hoe ervaar jy God in die natuur**?

Christiaan: “Ek sien al die diere wat God geskape het en dat God ook vir elkeen kos en water gee.”

Deane en Leandi: “God gee nuwe baba bokkies en skapies wat ons kan vashou en vryf.”

Cornelis van Wyk

# Wie sou…..

Die mossie vind 'n huis o Heer,

Die swaeltjies lê in nessies neer

En ek vind rus by U altare

Waar U vir my n woning maak

Die Mossie vind 'n plek en is as waardevol gesien

Die Mossie is 'n vaal klein voëltjie, maar word van melding gemaak in God se Woord

Hy word geken en erken

**Ons mossies kom doen waarvoor hulle geskep en gemaak is,**

Ons mossies soek en vind 'n geskikte en beskutte plekkie om hulle nessies te bou soos net 'n mossie nes kan lyk en ruik. ( Interessante feite – Mossies hou daarvan om kruie te gebruik in hul nessies wanneer hul dit bou bv. Tiemie wat ook dan as 'n antibakterie dien) Net soos wat ons Mamma's en Pappa's die seerkry skoonmaak en weg soen. Na hulle aard lê hul eiertjies en beskerm en bewaak dan hul nessies met kosbaarheid in. Mossies is baie aanpasbaar soos ons moet wees teenoor die lewe. Hulle maak nes in 'n bos of boompies (dikwels ook in n doringboom) of gebruik ook mure of dak opening.

Die wyfie lê 4 – 6 eiers wat omtrent 2 weke neem om uit te broei. Waar die mamma en pappa mossie beurte maak om hulle uit te broei. Die voëltjie is 15cm groot en weeg 22-36g.

En daar is 'n klein baba mossie wat met 'n oop bekkie wag om gevoed te word. Ons pappa en mamma mossie sorg met baie liefde en omgee soos dit in hulle aard is voer hulle hulle baba mossies met klein insekte. Na die versorging wat soms baie uitputtend, en onder moeilike omstandighede



plaasvind in droogtes of oorstromings of om wilde diere van hul kinders weg te hou en te beskerm. Mossies word na 2 – 3 weke uit die nes geskop waarna hy of sy hul eie mossie storie kan begin.

**Matteus 10 Vers 29-31**

Is twee mossies nie vir ' n sent te koop nie ? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.

***Brenda Nel***



## TWEE MOSSIES VIR 'N SENT

Uit die verskrikking van die Anglo Boereoorlog en die lyding van duisende vroue en kinders in die konsentrasiekampe is 'n droom gebore. 'n Groep vroue het Matteus 10v29 as oorlewing leuse gekies: " Is 2 mossies nie vir n sent te koop nie ? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder ( die wil van) julle (Hemelse) Vader nie. Die woorde die wil van, kom nie in die oorspronklike taal voor nie.

Die vroue het hulle daarvoor beywer dat die voëltjie op die lande se kleinste muntstuk aangebring word.

Dit sou hulle geloofsbelydenis wees. Later sou dit op die een sent muntstuk verskyn. Ek dink die vroue in die konsentrasie kampe wou hiermee sê dat hulle bely dat as God selfs vir n onbenullige voëltjie omgee, Sy kinders nie bang hoef te wees dat God hulle sal vergeet nie.

Hy gee vir onbenullige dinge soos mossies om, hoeveel te meer nie vir die wat met die kosbare bloed van Jesus Christus vry gekoop is nie.



God weet persoonlik van jou. By God is jy meer as 'n  nommer! By hom is jy 'n Naam.  Jou naam is in sy handpalm geskryf.



***Jes.49:16*** Sodat Hy nooit van jou kan vergeet nie.  God is nie aandadig aan die kwaad in die Wêreld nie.

Hy word nie onkant betrap daardeur nie. Daar gebeur baie dinge wat teen Sy wil is. Die troos van die mossies wat deur God versorg word is dit: **" God vergeet ons nie. Hy gee vir ons om " Iemand het op 'n Keer geskryf: " Vrees het aan die deur geklop. Toe geloof dit oopmaak , was niemand toe daar nie. "**

Geloof weet: " Hy wat aan my kant is,  is baie groter en sterker as hulle wat teen my kan wees."

Boonop sorg Hy vir my,  want Hy is regtig lief vir my.  Niks gebeur sonder God nie.  Onthou dit as jy worstel met onbeantwoorde vrae in jou lewe.  Hy is daar as jy sit en as jy opstaan-ja,  ook as jy op die grond val soos die mossie. Net soos die baba mossie is jy ook gekoester, geliefd en beskerm met elke haar op jou kop.

***Brenda Nel***

# Hoop

*Geleen Netwerk24*

Solank ons HOOP het laat ons in geloof LOOP.

Solank ons LOOP ( in Jesus se spore ) sal ons HOOP hê.

Wie sou…….. die mossie gemaak het…..?

Die Here ja dis Hy.

Wie sou ALLES gemaak het…… Ja dit is die Here….. Ja dit is Hy.

**Brenda Nel**

## Belewenis van God in die Natuur

Hier oppie plaas beleef ons die Here daagliks, veral nou met die reën seisoen. Hoe die veld transformeer van hierdie droë dorre stowwerige plek na 'n groen en nat bosveld. Dis asof alles so oop bars van al die hemelse water wat hulle nou skielik opneem! Orals in die veld is die mooiste blomme, selfs rondom die huis loop die veldblomme uit. Terwyl ek nou tik dreun die weer in die agtergrond, dreunings wat vir kilometers ver gehoor kan word. Weet jy wanneer ons as mens so vasgevang raak in die alledaagse, die wiesie wasie van bymekaar maak, is daar genadiglik soms helder oomblikke van net so bietjie stilstaan en op kyk en alles inneem.

.....en daar begin dit reën!!

**Jacobus Dreyer**

God is in alles om ons veral in die natuur. Die natuur is 'n manier vir God om sy ongelooflike grootheid te openbaar. Dit weerspieël God se skoonheid, glorie, wysheid en sy teenwoordig-heid in alles om ons.

In **Gen 1:11-13** staan daar:

"Toe het God gesê: "Laat daar uit die aarde groenigheid voortkom, groen plante wat saad gee en vrugtebome op die aarde, wat elkeen na sy aard vrugte dra en waarvan die saad in sy vrug sit." So het dit gebeur. Die aarde het groen plante laat uitspruit wat elkeen na sy aard saad gee, en bome wat vrugte dra met die saad daarin, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed."

**Emmarentia Du Preez**

My belewenis van God en die belewenis van die inpak wat die natuur op ons daaglikse lewe het - Woensdag die week diens ek gou die orrel en kuier met Kitty ons eie tuinargitek - wat 'n belewenis. Kitty het so pas gehoor sy het weer kanker maar sy storm deur die tuin met 'n passie. Hoe kry jy dit reg met 'n swaard oor jou kop - God is genadig!-

**Albert du Plessis**





**OP BERGE EN IN DALE**

Wanneer ek die Kwaggasvlakte nader en die Kransberge troon prentjie-mooi voor my, besef ek ons hele dorp is omring deur berge!
Dan jubel my hart...want rondom Jerusalem is ook berge; so is die HERE rondom sy volk, ook ons sy kinders hier in Thabazimbi, van nou af tot in ewigheid.

**PSALMS 125:2**

Mag ons onsself koester in God se almag, sy liefde, sy trou en versorging wanneer Hy Hom in die natuur aan ons openbaar!

Vanoggend vroeg toe die son sy kop agter die berg uitsteek en die swaeltjie en sy maatjie, wat vir die vyfde agtereenvolgende jaar teruggekom na sy nessie op die stoep, het ek hierdie lied kliphard gesing!

Die woorde herinner my net weer aan ons Hemelse Vader se troue sorg!!

Sing saam en laat ons in Christus bly roem, want ons lewens is veilig in ons God...selfs in die dood se bande -
JA ORAL IS MY GOD!!!
Shalom!!

**Illona Van Der Merwe**

*OP BERGE EN IN DALE,*
*EN ORAL IS MY GOD;*
*WAAR ONS OOK TELKEMALE*
*MAG SWERWE, DAAR IS GOD !*
*WAAR ONS GEDAGTES SWEWE*
*OF STYG, OOK DAAR IS GOD;*
*OMLAAG EN HOOG VERHEWE -*
*JA, ORAL IS MY GOD !*

*2. HY HET DIE AARDE EN HEMEL*
*GESKEP AAN DIE BEGIN.*
*HY LAAT ONS OOR DIE LEWE*
*VANUIT SY WOORD BESIN.*
*WANNEER ONS DENKE DOODLOOP*
*EN ONS NIE VERDER WEET,*
*AS ONS VERVAL IN WANHOOP,*
*IS GOD TOT HULP GEREED.*


*3. SY TROUE VADEROË~*
*SIEN ALLES VAN NABY;*
*ONS LEEF UIT SY VERMOË~ -*
*WORD DEUR SY GEES GELEI.*
*DIE SWAELTJIES BEHOED HY,*
*BEKLEE MET GRAS DIE DAL;*
*DIE KLEINSTE WURMPIE VOED HY,*
*SORG VIR DIE GROOT HEELAL.*

*4. DIE DIERE OP DIE AARDE,*
*DIE VISSE IN DIE SEE,*
*DIE MOSSIE EN DIE AREND,*
*DIE BLOMME, VELD EN VEE,*
*MET AL SY ANDER WERKE,*
*VERKONDIG DAG EN NAG*
*SY GOEDHEID SONDER PERKE;*
*DIE GROOTHEID VAN SY MAG.*

*5. ROEM, CHRISTEN, HEEL MY LEWE*
*IS VEILIG IN MY GOD;*
*WAAR ALLES MY BEGEWE,*
*OF WAAR EK LY, IS GOD;*
*WAAR TROUE VRIENDE HANDE*
*NIE RED NIE, DAAR IS GOD;*
*SELFS IN DIE DOOD SE BANDE -*
***JA, ORAL IS MY GOD !***



# Die Mier



Ek het laas Woensdag by werk gesien hoe die miere skarrel om kos te kry. Dit is teken dat groot reëns kom. Ek dink toe hoe wonderlik God is om die miere te skep wat weet reëns kom. Op weervoorspelling was niks en toe kom die reën. Ek het opgesoek op internet en op die volgende pragtige stuk afgekom.

**Ronalda Boy**

# Spreuke 30:24 – 25: Die wysheid van die miere: versamel in die somer genoeg kragkos vir die winter.

Lees: Spreuke 30

Hoofgedagtes:
1. Gebruik die genadegawes wat God aan jou gee.
2. Gebruik die genadetyd wat Hy ter wille van Christus aan jou gee.

Geliefde broeders en susters en kinders,

Die wisseling van 'n jaar, is gewoonlik 'n tyd van VOORRAADOPNAME!
Dit is die tyd wanneer jy TERUGKYK na die jaar wat verby is
en VORENTOE kyk na die jaar wat voorlê!

Wanneer jy TERUGKYK, moet jy vir jouself vra:
Het ek gedurende die afgelope jaar GEGROEI ~
GEGROEI in my VERHOUDING met God?
GEGROEI in my verhouding met ander MENSE?
Was daar GROEI in my STRYD teen die SONDE?
Het ek GEGROEI in my BETROKKENHEID in die GEMEENTE
en by my medelidmate?

En wanneer ons dan VORENTOE kyk en bepaalde VERWAGTINGS vir die NUWE jaar stel, moet ons in die 1ste plek vra:
Wat verwag die Here van MY?

Op hierdie vraag gee ons teks vir ons 'n antwoord.
Want die Here PRAAT met ons op baie maniere.
En nou gaan dit NIE oor BUITENGEWONE en OPSPRAAKWEKKENDE dinge nie ~
dat Hy byvoorbeeld in 'n DROOM met jou praat en vir jou sê wat Hy van jou verwag nie!
Nee, die Here praat met ons deur Sy Woord,
en ook deur die NATUUR!



Die Spreukedigter het AANDAGTIG geluister na God se stem in die NATUUR.
Hy hoor hoe die Here met ons praat deur 4 KLEIN diertjies wat Hy geskape het.
**Vier is dit wat klein is op die aarde,**
**maar hulle is uitermate wys**.

Ons kyk gewoonlik na die GROOT dinge in die natuur wat 'n groot indruk op ons maak.
Daar is die sogenaamde groot vyf wat almal graag wil sien.
Die groot OLIFANT en
die pragtige LUIPERD.
Die statige LEEU,
Die gevaarlike buffel en
die renoster.
Maar die Here gebruik ook KLEIN diertjies om met ons te PRAAT!
Agur vestig ons aandag op 4 KLEIN diertjies wat as't ware God se BOODSKAPPERS is.

Kom ons luister na die boodskap van die Here deur die MIERE.
Die boodskap sê:
**Die miere is nie 'n sterk volk nie,**
**en tog berei hulle hul voedsel in die somer**.

Ons ken die miere!
Hulle is baie KLEIN en HULPELOOS teen vyande.
Jy kan sonder enige INSPANNING letterlik HONDERDE van hulle doodmaak.
Ons het almal al PROBLEME met die miere gehad!
Hulle DRING oral in.
Hulle is sommer net LASTIG.
So kyk ons NEGATIEF na die miere!

Maar die Here wil deur hulle aan ons 'n POSITIEWE boodskap bring.
Deur die miere leer Hy vir ons in die 1ste plek:
*Gebruik die GENADEGAWES wat God aan jou gee,*
*al lyk dit ook KLEIN in jou eie oë!*

Ons teks sê: **Die miere is nie 'n sterk volk nie**!

Hulle is KLEIN en SWAK.
Hulle het nie fisiese KRAG nie of
BULTENDE spiere soos 'n SIMSON nie!
Maar hulle WYSHEID is GROOT ~
BUITENGEWOON groot!
Hulle staar hulle nie BLIND teen die feit dat hulle KLEIN en SWAK is nie.
Hulle GEBRUIK die gawes wat die Here aan hulle gee.
Watter gawes?
Die gawes van YWER en VOLHARDING!

Hoe dikwels sien ons nie hoe 'n KLEIN miertjie 'n stukkie kos aansleep wat soms twee of drie maal GROTER is as hyself nie!
Hy hou aan en aan.
Hy BEUR en SPARTEL
totdat hy die stukkie kos tot by sy gaatjie gesleep het!

Die miere gooi nie tou op omdat hulle KLEIN en SWAK is nie!
Hulle raak nie MOEDELOOS
omdat hulle nie so STERK is soos die ander insekte en diere nie.
Hulle GEBRUIK net die GAWES wat die Here aan hulle gegee het.
En hulle gebruik dit met YWER en VOLHARDING!

En ons, geliefdes? Die Here gee aan ons BAIE gawes!
Hy gee die gawe van GESONDHEID.
Ook die gawe van WERK.
Hy gee die gawe van genoeg geld om in jou daaglikse behoeftes te voorsien.
En dan is daar ook die gawes van GELOOF en HOOP en LIEFDE ~
Liefde vir God en liefde vir mekaar.
En wat van die gawe van die GEMEENTE ~
waar die Here JOU versorg deur Sy Woord en
waar Hy vir JOU wil gebruik om jou MEDELIDMATE te versorg?!
Ja, die Here versorg ons met BAIE geestelike en stoflike gawes.

En die miere leer ons:
GEBRUIK dit wat God aan jou gee met YWER,
al is dit ook MIN in vergelyking met die BAIE wat ander ontvang het!



Daarom, as ons dan TERUGKYK na die jaar wat verby is, moet ons vra:
HOE het ek die GAWES wat die Here aan my gegee het, gedurende die afgelope jaar gebruik?
Hoe het ek die gawe van GELOOF gebruik?
En die gawe van VOLHARDING?

En as ons dan VORENTOE kyk na die jaar wat voorlê, moet die GEBED in ons harte wees:
Here, help my om TEVREDE te wees met dit wat U aan my gee.
Help my om die gawes wat U aan my gee,
YWERIG te gebruik
sodat ek U en my medelidmate voluit daarmee kan dien!

Maar, geliefdes, die Here wil ons nog iets deur die miere leer:
GEBRUIK die TYD wat God aan jou gee om jou voorraadskure VOL te maak!

Só tree die miere op!
Gedurende die SOMER is hulle VOLTYDS besig.
Hulle MORS nie 'n enkele OOMBLIK nie!
Hulle het nie tyd om te RUS nie.
Hulle is AANHOUDEND besig om KOS te versamel.
Ondergrondse voorraadskure word tot BARSTENS toe VOL gemaak.

Hierdie KLEIN diertjies is BRANDEND van ENERGIE!
Hulle is vol YWER en WERKLUS.
Hier word die TYD met alles tot hulle beskikking UITGEKOOP.
Geen wonder dat die Spreukedigter juis die MIERE as voorbeeld gebruik wanneer hy 'n LUIAARD teregwys nie!
**Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys**! (Spreuke 6:6).

Die miere weet:
As SOMERTYD nie WERKTYD is nie,
dan is WINTERTYD net
HONGERLY-TYD en
DOODGAAN-TYD!
As SOMERTYD nie WERKTYD is nie,

dan is daar in die WINTER ook geen ETENSTYD nie!
Want die SOMER hou nie vir ALTYD aan nie!
Die winter KOM ~ SONDER groei,
'n LANG uitgestrekte SKAARSTE!

En DAARIN lê die GROOT wysheid van die MIERE!
Dit is hulle treffende boodskap aan ONS!
Versamel in die SOMER genoeg vir die WINTERTYD,
vir die REËNERIGE dae,
vir die SWAAR jare wat mag voorlê.
Want die SOMER is GENADETYD!
Maar dit gaan GOU verby.
En dan volg die WINTERTYD.

Daarom:
GEBRUIK die GENADETYD om VOORSIENING te maak vir die WINTERTYD wat kom ~
die wintertyd van TEËSPOED en
BEPROEWING en
SIEKTE!
GEBRUIK die GENADETYD wat God gee,
om jou voorraadskure VOL te maak,
om dit veral VOL te maak met Sy Woord!

O, hoe NODIG het ons nie hierdie aanmoediging nie!
Want die GEJAAGDHEID van ons lewe draai ons so VAS
dat ons nie meer tyd AFSONDER om ons GEESTELIKE voorraadskure VOL te maak nie!
Ons sê maklik:
Daar is nie TYD vir HUISGODSDIENS nie!
Daar is nie TYD vir PERSOONLIKE Bybelstudie en gebed nie!
En die EREDIENSTE? ~
Ja, ook hierdie SOMERTYD laat ons VERBYGAAN!

Maar die miere roep ons op:
Gebruik ELKE oomblik van God se SOMERTYD
om jou voorraad-skure VOL te maak met die BROOD wat LEWE gee.
Want díe somertyd gaan VERBY.
Die WINTERTYD kom vinnig nader.



Hoe treffend het die profeet Amos hierdie wintertyd beskryf:
**Kyk, daar kom dae,**
**spreek die Here HERE,**
**dat Ek 'n honger in die land stuur,**
**nie 'n honger na brood nie en**
**nie 'n dors na water nie,**
**maar om die woorde van die HERE te hoor.**
**En hulle sal swerwe van see tot see en**
**rondslinger van noord na oos,**
**om na die woord van die HERE te soek,**
**maar hulle sal dit nie vind nie**! (Amos 8:11 – 12).

Ter wille van Jesus Christus leef ons nog in die SOMERTYD van God se GENADE!
Dit het Hom al die ANGS en SMART van die HEL gekos,
om vir ONS nog GENADETYD te KOOP!

Ter wille van Christus gee God NOG 'n jaar van GENADETYD
en ook GENADEMIDDELS om ons die voorraadskure VOL te maak.
Hy gee die KOS van sy Woord wat ons moet VERSAMEL in die EREDIENSTE,
in ons HUISGODSDIENS,
in ons Bybelstudie.
Hy gee die SAKRAMENTE om ons te VERSTERK.
Maar Hy gee ONS ook aan MEKAAR!
Medegelowiges wat MEKAAR moet BYSTAAN,
MEKAAR moet HELP om die voorraadskure VOL te maak.

En wat MEER is ~
Hy gee die Heilige Gees aan ons,
om ons AAN te MOEDIG,
ons met KRAG te vervul,
sodat ons die SOMERTYD van Sy GENADE voluit kan GEBRUIK!

Daarom, geliefdes, as ons dan vra:
WAT verwag die Here van ons gedurende die jaar wat VOORLÊ?
Dan ANTWOORD Hy deur die miere:
GEBRUIK die GENADEGAWES wat die Here aan jou gee

om YWERIG en
met VOLHARDING te werk!
GEBRUIK ook die GENADETYD,
die SOMERTYD wat Hy gee
om jou voorraadskure tot BARSTENS toe VOL te maak met die KOS van die Woord!

Elkeen wat NIE na die WYSHEID van die miere luister
en dit ter harte neem nie,
pleeg GEESTELIKE SELFMOORD
en gaan met LEË skure die WINTERTYD tegemoet!

Aan die ander kant:
Elkeen wat na die wysheid van die miere LUISTER
en dit ter harte neem,
sal kan VOLHARD tot die EINDE toe!
Ja, wie na die wysheid van die miere luister,
sal die heerlike woorde hoor:
**Mooi so, goeie en getroue dienskneg,**
**oor weinig was jy getrou,**
**oor veel sal ek jou aanstel.**
**Gaan in in die vreugde van jou heer**! (Mattheus 25:23).

Amen.

Ds. A. P. Kruger
Gereformeerde Kerk Welkom



# Nuus uit die gemeente

## *Verjaarsdae - 80 jaar en ouer:*

- **Pierre du Plessis** - 80 jaar – **3 Desember** – Wyk Fairfield
- **Trix Dreyer**- 84 jaar – **16 Desember** - Wyk Pionierspark
- **Tinie Steyn** – 83 jaar – **10 Januarie** - Wyk Faunapark



## *Attestate*

### Hartlik welkom aan nuwe intrekkers

- Sr. Heila, Maria, Margaretha (noem Heila) Boshoff gebore Pretorius, vanaf GK Pietersburg-Noord, wyk Faunapark.
- Br. Philippus Johannes (noem Johan) Steyn en egg Sr. Martha (noem Marthie) gebore Haywood, vanaf GK Kathu, wyk Boschfontein.
- Br. Johannes Petrus (noem Jan) du Toit, vanaf GK Harrismith, wyk Faunapark.

# Grapkas

***"Hierdie grappies is sommer net 'n inkyk in ons eie lewe ook. Miskien leer ons iets van onsself in die humor."***

'n Talentsoeker loop in die straat af waar hy 'n man en sy hondjie teëkom. Die hondjie is besig om te sing – alte pragtig!

Die talentsoeker is so verstom dat hy 'n hele paar oomblikke lank sy oë staan en knip om seker te maak dat hy nie droom nie.

"Kom asseblief na my kantoor toe," pleit hy by die jong hond se baas toe hy tot verhaal kom. "Ek wil 'n kontrak met jou en hierdie wonderlike hondjie sluit."

Die man bring sy hond na die talentsoeker se kantoor. Die hondjie is net besig om die laaste paar note van La Donna E' Mobile te sing (en soos Luciano Pavarotti te klink), toe 'n groot teefhond die kantoor binne bars en die hondjie aan sy nekvel beetkry. Daarna hardloop sy by die deur uit terwyl sy hom in haar bek dra.

Die man trek sy skouers op en sug. "Dit help nie," sê hy, "dis sy ma daardie. Sy weier dat hy 'n loopbaan in die vermaaklikheidswêreld volg. Sy wil hê hy moet 'n dokter word."

Klein Koos oefen in die sitkamer met sy viool terwyl Pa Koos in sy slaapkamer probeer om 'n uiltjie te knip.

Die gesin se hond lê op 'n matjie voor Pa Koos se bed, maar elke keer wanneer Klein Koos 'n ekstra hoë noot uit die viool wring, vlieg die hond regop en tjank iets aller verskrikliks.

Pa Koos verduur die hond en die viool so lank as wat hy kan. Toe knak hy, spring vervaard orent en gil soos 'n besetene bokant al die lawaai uit: "Nee vrek, Klein Koos, kan jy dan nie iets speel wat die hond ken nie?"



**Uitstekende afskrikmiddel**

'n BOERBOEL is besig om in vullisdromme rond te snuffel. Hy kan egter beswaarlik beweeg, want hy balanseer terselfdertyd 'n telefoonpaal op sy nek.

'n Windhond kom daar aangewaai en vra: ''En dié affêre op jou nek nou?''

''Dis om die wolwe weg te hou,'' sê die boerboel.

Windhond: ''Jy's besimpeld, man, daar's mos nie wolwe in Suid-Afrika nie.''

Boerboel: ''Wys jou net hoe goed dit werk.''

**Nagtelike steurnisse**

EEN NAG om halfvier lui Koos se telefoon. Moeisaam beur hy uit die bed en strompel na die telefoon.

''Praat ek met meneer Van der Merwe?'' vra 'n kwaai stem aan ander kant van die lyn.

''Uhm, ja,'' mompel Koos.

''Wel, dis jou buurman Botha wat hier praat. Hoor hier, ek bel net om vir jou te sê dat jou hond se geblaf my gek maak. Klap asseblief dadelik sy bek vir hom toe.''

Die volgende nag om drieuur lui die telefoon by Botha.

''Hallo?'' mompel hy slaperig.

''Vriend Botha, dis jou buurman Van der Merwe wat hier praat.''

''Jy bel my om drie-uur in die nag? Is jy dol in jou kop?''

''Ou Bothatjie, ek wil net vir jou vertel dat ek nie 'n hond het nie.

Ek is die buurman met die konyne.''

## Kreatiwiteit

Hier is sommer net 'n paar mooi voorbeelde van hoe ons met dit in die natuur 'n pragtige kunswerk kan maak. Hoop dit inspireer jou om jou eie een te maak.





## Resepte

Waatlemoen Mojito - nie-alkoholiese resep by die huis

***Bestanddele:***

- Pulp van waatlemoen - 95 g;
- Sprite - 95 ml;
- Lemoen sap - 20 ml;
- Kruisement blare - 20 g;
- Ys - na smaak.





# Storietyd

**Die Twee Mossies**

Meneer en Mevrou Mossie was so pas getroud, en hulle het gesoek na 'n geskikte plekkie om hul nessie te bou.

Hulle het vir 'n lang tyd rondgevlieg en gesoek, maar sonder sukses. Mevrou Mossie was baie kieskeurig. Elke keer wanneer Meneer Mossie 'n mooi plekkie gekry het, het hy vinnig teruggevlieg om Mevrou Mossie daarvan te vertel; maar elke keer het Mevrou Mossie gesê, "Ek hou glad nie van daardie plek nie; jy moet 'n beter plek soek vir 'n huis."



Eindelik was Meneer Mossie so moedeloos dat hy gesê het dat hy nie meer sal soek nie, en dat Mevrou Mossie, as sy dan so kieskeurig wil wees, maar self moet soek.

Mevrou Mossie was ook nie links nie, en het gesê dat as sy nie baie gou 'n beter plek kon vind nie, dan sou sy darem wil weet waarom nie. Sy het toe weggevlieg om te kyk wat sy kon doen.

Na 'n rukkie was sy terug.

"Ek het 'n wonderlike plekkie gevind," het sy gesê. "Dis warm en gerieflik; goed teen die weer beskut, en die ingang daartoe is so klein dat niemand dit ooit sal vind nie; ons sal daar heeltemal alleen kan wees, met geen bure om ons te pla nie. Jy sal ook lekker laat kan slaap smôrens, want daar sal geen ander voëls wees om ons te steur nie."

"Maar vrou!", het Meneer Mossie gesê, "waar kan dit wees? Kom wys my dadelik. Ek is so bly dat jy daarin geslaag het om so gou 'n huis te kry."

"Ja," het Mevrou Mossie gesê, "dis nie sommer elkeen wat kan huis soek nie. Kom ek sal jou gaan wys."

Mevrou Mossie het hoog in die lug ingevlieg, en Meneer Mossie het gedwee agterna gevlieg.

"Waarheen neem jy my?" het Meneer Mossie verontrus gevra.

"Jy sal gou sien," het Mevrou Mossie gesê. Hulle het 'n hoë kerktoring genader, en Mevrou Mossie het reguit daarheen gevlieg.

"Wees versigtig," het Meneer Mossie gewaarsku, "dit lyk vir my gevaarlik."

Mevrou Mossie het aangehou vlieg asof sy hom nie gehoor het nie. Eindelik het sy gaan sit by 'n stukkende ruit in 'n klein venstertjie, amper heeltemal bo in die toring. En dadelik het sy by die opening ingegaan.

Meneer Mossie is agterna, en hy het gewonder of daar nie 'n vreeslike ding met hulle sou gebeur nie. "Kyk," het Mevrou Mossie gesê, "is dit nie 'n ideale plekkie nie. Dis net waarna ek gesoek het! Dit is droog, taamlik skoon, en baie privaat. Ek het jou mos gesê dat ek sommer gou die regte plek sou kry."

"Maar vrou, dink jy dat dit 'n goeie dit 'n goeie plek is? Is dit vellig?"

"Veilig!" het Mevrou Mossie gesê: "natuurlik is dit veilig. Gaan soek jy nou strooi en bring dit; laat ons sommer dadelik die nessie bou."

Gehoorsaam is Meneer Mossie daar weg, en na 'n rukkie was hy weer terug met stukkies strooi in sy bekkie. Intussen het Mevrou Mossie 'n mooi plekkie tussen 'n paar pype uitgesoek. Meneer Mossie het die strooi neergesit, en het meer gaan haal.

Dit het hulle nie lank geneem om die nessie te bebou nie, en na 'n dag of twee was dit kant en klaar. Maar, toe skielik, het daar 'n vreeslike ding gebeur.

Dit was een Woensdagaand so teen sewe-uur. Meneer en Mevrou Mossie was net mooi aan die slaap, toe hulle wakker geskrik het van 'n verskriklike geraas. Daardie pype het gebrul en geskreeu dat dit 'n naarheid was. Dit het gevoel of die hele plek geskud het.

"Liewe land! Wat is nou aan die gang," het Meneer Mossie uitgeroep. "Vrou, vrou, waar is jy? Is jy veilig?"

Maar Mevrou Mossie was nie daar om te hoor nie, sy was lank al buite en het vir Meneer Mossie gegil om te vlug vir sy lewe. Hulle is sonder versuim van daardie kerktoring af weg, die donker, koue nag in. Die arme mossies sal seker



nooit weet wat daardie aand gebeur het nie. So lank as hulle lewe, sal hulle aan hulle vriende vertel hoe hulle hulle mooi tuiste kwyt is, en hoe dit in daardie toring spook.

Die waarheid van die saak is dat hulle hulle nessie tussen die orrelpype gebou het. Die gebrul wat hulle daardie Woensdagaand gehoor het, is verhoorsaak deur die orrelis wat die liedere vir die biduur gespeel het. Vir die mense in die kerk, was die musiek mooi. "Hoe heerlik!" het hulle almal gesê. "Hoe pragtig speel die orrelis vanaand!"

Maar vir die arme mossies was dit soos 'n aardbewing en 'n dwarrelwind saam.

Dit is alles bewys dat dinge nie altyd is soos hulle skyn nie. Soms word kinders, net soos daardie mossies, bang omdat hulle dinge nie verstaan nie. Omdat hulle nog nie oud genoeg is om dinge te verstaan nie, kla hulle soms.

Miskien het julle al 'n seuntjie hoor sê, "Ek hou tog nie van die kerk nie, ek kan nooit verstaan wat die predikant sê nie, en sommige van die liedere wat hulle sing, is glad nie vir my mooi nie."

Maar die dag sal kom wanneer hy die preke sal geniet; en die liedere wat nou vir hom lelik klink, sal dan vir hom mooi wees, en hy sal hulle waardeer.

Miskien het julle ook al 'n dogtertjie hoor sê: "Ek weet nie waarom ek so swaar het nie. Ander dogtertjies het sulke mooi goed."

Ek sal toegee dat 'n mens nie altyd dinge verstaan nie; en wanneer julle so voel, moet julle daaraan dink dat Iemand besig is om op die orrel van julle lewens te speel. Vir julle mag die musiek nie mooi wees nie, maar die orrelis weet Hy speel, en eendag sal julle besef watter heerlike wysie Hy gekomponeer het. Wanneer dinge soms verkeerd loop en julle in die versoeking kom om te gou te oordeel, wag dan maar liewer, en dink eers aan die mossies daar in die kerktoring.

## Slaaptyd stories

Geleen my : http://myvolk.co.za/die-twee-mossies.php deur Arthur S. Maxwell

**Ingestuur deur**
**Brenda Nel**